

Woensdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 144

Fokusgedeelte: Psalm 144:9, 12

God leer ons om ons roeping uit te leef!

Psalm 144 begin met 'n Ou-Testamentiese saligspreking ... *Welgeluksalig is die volk met wie dit só gaan!*

Die doel van 'n spreuk is om jou as geloofskind dieper te laat nadink (te bepeins) oor wat in die teks gesê word. Dáárdie herkou-proses om jouself te toets in die lig van die *verlede*, maar óók in die lig van die *toekoms*!

Vanuit die agtergrond van Dawid se stabiele ryk as koning (die verlede) word hy nou deur sy vyande bedreig (die hede). Kragtens die belofte van Christus kon hy in vers 7 bid: *Strek u hand van bo af uit, bevry my, red my uit die geweldige waters, uit die mag van vreemdelinge!* Hy en sy volk word deurgaans bedreig deur mense wat nie leef vanuit God se evangelie nie. Die waarheid van sy Woord is vir hulle totaal en al onbelangrik! Van respek vir God se heiligheid is daar geen sprake nie (vs 8: “*dade van leuens en dade van bedrog*”). Hy bid dat die Here hom en sy volk sal bewaar téén hierdie vyande-van-die-evangelie wat sy *innerlike rus en vrede* deur die geloof bedreig!

Die Heilige Gees laat hom deur die geloof verder kyk, om ten midde van die bedreiginge sy roeping raak te sien (vs 9). Hierdie roeping stop nie net by hom nie, maar moet deursyfer na die kinders van die volk (seuns en dogters, vs 12). Elkeen met sy/haar roeping! Geroep om geanker, stewig, lewendig en roepingsbewus die toekoms in te gaan! Geanker in God se Woord! So sal die seuns hoog groei om soos plante uit te styg en vrug te dra. 'n Boom wat geplant is by waterstrome (Ps. 1). So sal die dogters stewig staan soos hoekpilare kunstig gebeitel, afgerond. So is kinders 'n seën van die Here tot seën en roeping vir ander (Ps. 127:3)! God se seën roep ons tot besinning (verlede), tot erkenning (hede), maar ook tot roeping (toekoms). Die evaneglie moet op ALLE terreine uitgeleef word! Vir ons kinders moet die geloofsaflosstokkie met verantwoordelikheid aangegee word (Deut 6:6-7). Hulle moet geleer word (verlede), vertel word (hede), gehelp en mee gepraat word (toekoms). Dit is wat die Here van ons vra!

Welgeluksalig is die volk wie se God die HERE is! Daarin lê ons, maar ook ons kinders se roeping! Dit moet ons hulle in voorbeeld leer. Om in diepe afhanklikheid jouself te verloën om vir die waarheid van die evangelie te leef. Die waarheid is Christus! Hy is die weg, die waarheid en die lewe! Volg Hom en stel so 'n voorbeeld vir julle kinders.

Sing: Psalm 144-1:4, 6

Ds. GJ Erasmus (Gert) Pretoria-Magalieskruin